

As een van julle wysheid kortkom,  
*moet hy dit van God bid*  
en Hy sal dit aan hom gee,  
want God gee aan almal  
*sonder voorbehoud en sonder*  
*verwyt.*

-Jakobus 1:5

**1. BUITENGEWONE ALGEMENE SINODE:** Die buitengewone sitting van die Algemene Sinode vind plaas vanaf **Maandag 7 tot Donderdag 10 November 2016**, te Pierre van Ryneveld gemeente, Pretoria. **NB! Daar is tot 7 November 2016 om 15:00, 'n embargo op die Agenda geplaas. Dit beteken dat die stukke nie vooraf aan leraars en gemeentes beskikbaar gestel kan word nie.** Klik [hier](#) vir die lys van afgevaardigdes (leraars en kerkraadslede), vanaf Sinode Vrystaat. *Ons bid vir: veilige reise, kalmte, rustigheid en wysheid tydens die verloop van die vergadering en dat elke persoon dáár teenwoordig, die Liefde en Lig van Jesus Christus sal wees.*

**2. BELANGRIK! PREDIKANTE SE BEVOEGDHEIDSINLIGTING VIR JAARBOEK 2017:** Inligting oor predikante se bevoegdheid en ander kontakinligting word jaarliks vir publikasie in die Jaarboek van die NG Kerke hersien. Predikante kan Annari du Plessis by die kantoor van die Algemene Sinode skakel indien inligting ten opsigte van hul ABR-status verander het. Let asseblief daarop dat die skakel op die Algemene Sinode se webwerf tans onder konstruksie is. Annari se kontakbesonderhede is 012 342 0092 (k), of [bevoegdheid@ngkerk.org.za](mailto:bevoegdheid@ngkerk.org.za).



### 3. GEBEURE BY GEMEENTES:

#### NG LANGENHOVENPARK:



**Kersmark**  
**11-13 November**  
**NG Kerk**  
**Langenhovenpark**  
**Gemeentesentrum**  
(Boerneefstraat)  
Vrydag 15:00 – 19:00  
Saterdag 09:00 – 17:00  
Sondag 10:00 – 13:00  
**Kom koop handgemaakte kersgeskenke en geniet iets te ete & drinke by ons teetuin!**  
**Hoop om julle daar te sien!**  
Navrae:  
Kerkkantoor 051 446 2225  
(08:00 – 12:00 / Ma - Vry)

#### NG WATERBRON:

##### KERSSANGDIENS & ETE

Sondag 13 November 2016 om 09:30

##### PLEK:

NG Kerkgebou Waterbron  
Vergezocht pad, Bainsvlei  
29°3'58.09"S 26°3'52.29"E

##### KOSTE:

Koue vleise & slaai-ete @ R50pp  
Bring jou familie & vriende saam



##### KONTAK:

Santa Pretorius 051 445 2345 (k/u Ma-Vr 08:00 – 13:00)  
[www.waterbron.co.za](http://www.waterbron.co.za)  
[www.facebook.com/waterbron](https://www.facebook.com/waterbron)

## NG HUGENOOT:

**HUGENOOT GEMEENTE – KERSSANGDIENS SONDAG 20 NOVEMBER 2016**

**TEMA : KERSFEES IN AFRIKA**

**Tyd : 09:00**

**ONDER LEIDING VAN CHRIS CROUSE EN HEINRICH LATEGAN**

**H/V NORMANDIE EN PICARDYSTRAAT BAYSWATER**



## NG NOORDHOEK:

**Kerssangdiens**  
**27 November 2016**

met  
**Inspirit-sanggroep**  
**vanaf Hartswater**

**Inspirit-sanggroep** begin reeds om 18:35 sing,  
die diens begin 19:00

**Almal welkom**  
Inligting: Grace Pretorius  
Sel: 082 570 0710



Kyk asseblief by “Herhalings” (pt 9) na nog berigte oor gebeure by gemeentes – dit het reeds hier verskyn.

## 4. AKTUELE NUUS:

**HOE REAGEER KERK EN GELOOF OP #FEESMUSTFALL?:** Ons is in die soveelste week van studentebetogings en opstande! Almal van ons ken iemand wie se kinders direk deur die gevolge hiervan geraak word en die stres- en frustrasievlakke loop hoog! Op 25 Oktober 2016 het die *Southern African Catholic Bishops' Conference - Justice and Peace Commission*, in 'n verklaring, vóór die minister van finansies se mediumtermyn begrotingtoespraak, aangedui dat hulle 'n verkleinde kabinet, met die gepaardgaande besparing op salarisse, BBP-beskerming en voordele, as oplossing vir universiteitsgelde beskou – klik [hier](#) om dié verklaring te lees. Nelis Janse van Rensburg skryf in 'n [artikel](#) wat onlangs in Media24 se dagblaaie verskyn het, dat die studente-opstande gaan oor 'n stryd om deel te word van Suid-Afrika se ekonomie. Hy sluit af met: *Die twee vlakke waar die grootste bydraes gemaak kan word, sê die ekonome, is vroeë kindertydse ontwikkeling en opleiding. Die kerk sal moet mooi luister, nie net na die ekonome nie, maar veral na die Groot Barmhartige. Die versorging van kinders en opleiding klink baie na die beliggaming van die Goeie Nuus waarna ons land smag.* Voortdurende gebede vir regering, kerk- en ander leiers, is uiters belangrik - ons bly altyd afhanklik van God en sy wil.



## NUUT VERKOSE LEIERS VAN SINODES VAN DIE NG KERK:

### SINODE NOORD-KAAPLAND:

Ds Bootje Booysen (Voorsitter)  
Ds Theunis Smit (Ondervoorsitter).

### SINODE GOUDLAND (VOORHEEN WES-TVL):

Ds Johan Brink (Voorsitter)  
Dr Andries Kritzinger (Ondervoorsitter – Rugsteungroepe)  
Ds Grant du Plessis (Ondervoorsitter – Missionale diakonaat)  
Dr Anton Fick (Ondervoorsitter – Missionale kerkwees)  
Ds Bok Jansen van Rensburg (Skriba)

### OOSTELIKE SINODE:

Ds Dirkie van der Spuy (Voorsitter, herkies)  
Ds Freddie Schoeman (Ondervoorsitter)  
Ds Francois Retief (Skriba)

### NOORDELIKE SINODE:

Dr Dewyk Ungerer (Moderator)  
Dr James Kirkpatrick (Assessor)  
Ds Attie Nel (Aktuaris)

### KWAZULU-NATAL:

Dr Barry Tolmay (Moderator)  
Ds Rupert de Koning (Assessor)

## 5. ANDER NUUS/INLIGTING:

**“TERUG KERK TOE SONDAG”- VIR GENESING EN HERSTEL:** Ons het reeds verlede week hieroor berig en ‘n beroep op gemeentes gedoen om Sondag 20 November 2016, vir hierdie geleentheid in te rig. Daar word ook ‘n **massa-byeenkoms vir 19 November 2016 in die FNB-stadion Soweto beplan**, met Angus Buchan as die hoofspreekster by hierdie interkerklike saamtrek. Willem Badenhorst (NG Moreletapark) en Jannie Pelser (NG Rant-en-Dal-Prisma), se visie is dat dit *die grootste geestelike versoeningsbyeenkoms ooit in Gauteng sal wees*. Diegene wat weens demografiese redes nie teenwoordig kan wees om hulle in gebed te verootmoedig nie, word versoek om op **Sondag 20 November in gemeentes oral in die land, byeen te kom**. Lees ook ‘n berig in [e-Kerkbode](#) hieroor.



**KLEINGROEPKONFERENSIE 2017:** Manie Groenewald, die kleingroepleerster by NG Moreletapark, is sedert 2015 besig om landswyd interkerklike gespreksgroepe tussen leraars te vestig wat spesifiek rondom Kleingroepbediening sentreer. Saam met 'n projekspan koördineer hy 'n **Small Groups With Purpose**-konferensie oor kleingroepbediening in 2017. Die spreker is past Steve Gladen (*Small Groups* pastor - *Saddleback Church*, VSA). Kaartjieverkope open aanlyn by iTickets op 1 November 2016 @ R195pp en sluit middaagete in. **Leraars kan VBO-punte verwerf vir die bywoon hiervan**. In die **“Herhalings”**-dokument, is daar by pt 4 ook ‘n berig wat ons verlede week in *Vrypos* geplaas het, **ds Rikus Hattingh van NG Pellissier is die kontakpersoon in die Vrystaat, jy kan sy besonderhede daar vind**.

**REEKS OOR RESPEK... HOOGTYD!** Die Seisoen van Menswaardigheid begin in Januarie 2017 met ‘n opwindende reeks oor respek. Klik [hier](#) vir al die inligting en [hier](#) vir die bestelvorm – jy kan ook [hier](#) na ‘n bekendstellingsvideo kyk.



**BEKOSTIGBARE BUIE-PASIËNTE BEHANDELINGSPROGRAM BY AURORA ALKOHOL- EN DWELMSENTRUM:** Hierdie program word slegs aangebied vir persone wat in Bloemfontein en omliggende areas woonagtig is. Die volgende prosedure word gevolg vir opname in die behandelingsprogram:

- Skakel Aurora Sentrum en maak ‘n afspraak vir assessering.
- Indien die persoon ‘n geskikte kandidaat vir hierdie buite-pasiënte program is, word die behandelingsfooi betaal.
- Die persoon konsulteer dan met die dokter soos gereël en dit is deel van die behandelingsfooi.
- Die persoon kom drink vir 30 dae daagliks sy medikasie soos deur die dokter voorgeskryf (ongeveer 20 minute per dag) by Aurora Sentrum.
- Die persoon kom gedurende kantoor-ure vir agt terapisessies oor agt weke by die maatskaplike werker (ongeveer 60 minute per sessie).
- Die geleentheid om een keer per week by ‘n groepsessie in te skakel, is beskikbaar.
- Nasorgdienste is ook beskikbaar. Beide die groepsessies en die nasorgdienste is beskikbaar teen geen ekstra koste.

Kontak gerus vir Santie Froneman by 051 447 4111 (k) vir enige verdere navrae.

## 6. NUUSBRIEWE:

**BYBEL-MEDIA 23/2016:** Die fokus is die week op die jongste Kerkbode, drie Bybelkor-publikasies, die BM-Cordis Trust-pryse en ‘n nuwe BM- en Jeugfokus-katalogus - klik [hier](#) om te lees.

**CHRISTELIKE LEKTUURFONDS:** Op 20 November word kinderregte wêreldwyd gevier en ons as Christene kan hierby aansluit deur uit te reik na ons land se kinders wat geestelike leiding nodig het. Klik [hier](#) vir ‘n paar CLF produk-idees om kinders se geestelike behoeftes aan te spreek.

**7. BEROEPENUUS:** **Ds FUO (Ulrich) Ohlhoff** van die NG Gemeente Tygerpoort (Oostelike Sinode), is as **mede-leraar na die NG Gemeente Harrismith beroep**.

## 8. VAKATURES:

- **LERAAR, VASTETERMYN (3 JAAR KONTRAK) – NG REDDERSBURG (sluitingsdatum Dinsdag 15 November 2016)** - Klik [hier](#) vir meer inligting oor die pos.

- **LERAAR VASTETERMYN (3 JAAR KONTRAK):** Die **NG Gemeente Fort Beaufort** in die mooie Oos-Kaap, soek 'n leraar vir die gemeenskap. Reg in die pragtige hart van "Frontier-country" het Fort Beaufort-gemeente 'n predikant nodig wat die gemeente op die gemeenskap kan help fokus, sodat die gemeente opgebou kan word en in liefde en diens kan groei. Fort Beaufort lê in die omgewing van Hogsback, 'n gewilde toerismebestemming en *Fort Hare* Universiteit op Alice. Nelson Mandela het sy skoolopleiding binne die gemeentegrense ondergaan. Hierdie is 'n pos vir 'n predikant wat 'n verskil wil maak. Vir meer inligting, klik [hier](#) – sluitingsdatum is **Vrydag 25 November 2016 om 18:00**.

**9. HERHALINGS VAN INLIGTING/GEBEURE WAT IN VORIGE VRYPOS VERSKYN HET:** Gaan loer gerus weer [hier](#) om jou geheue te verfris. Die volgende inligting word daarin herhaal:



- Bestelvorm vir Jaarboek 2017 – **belangrik vir gemeentes**
- #Imagine-ignite vanaf 3 – 5 November 2016 in Welkom
- REFO 500 – inligting
- Eerstejaarskampe 2017 in Stellenbosch en Potchefstroom
- Gebeure by verskeie gemeentes gedurende November 2016 – **kyk waar jy kan ondersteun!**
- Pastorale beradingskursus, *Die Moeder wond* – 12 November 2016 in Potchefstroom.
- Werkswinkel oor hulpverlening aan persone wat aan dementia ly – 17 November 2016 in Bloemfontein.
- Ander gebeure: ENGO bied 'n onderwysersdag aan op 2 Desember 2016; Kleingroepkonferensie 2017

**10. VERJAARSDAE:** Baie geluk aan die personeellid en leraars wat die komende week verjaar, seënwense vir die nuwe lewensjaar:



9 Nov:

**Ds Leon Oosthuizen - LANGENHOVENPARK** - 051 446 3555, 072 222 7989, [ooshuis@telkomsa.net](mailto:ooshuis@telkomsa.net)

**Ds Kobus Vermeulen - VIRGINIA** - 057 212 9378, 082 372 6246, [vkobus7111@gmail.com](mailto:vkobus7111@gmail.com)

**11. TEN SLOTTE:**



Groetnis tot volgende keer...

**THEA BOSMAN**

Samesteller/Redaksioneel: [kerkinfo@ngkvs.co.za](mailto:kerkinfo@ngkvs.co.za)

Kommunikasie - NG Kerk Vrystaat

Tel: 051 406 6719 (k)

**INDIEN JY OP VRYPOS WIL INTEKEN, KLIK [hier](#) (meld asseblief ook jou gemeente/dorp)**

**AS JY VRYPOS WIL KANSELLEER, KLIK [hier](#)**

Stuur enige nuusgebeure, inligting na [kerkinfo@ngkvs.co.za](mailto:kerkinfo@ngkvs.co.za) (spertyd vir indiening, Dinsdae @ 14:00)



VRYWARING / DISCLAIMER – Klik [hier](#)

## AFGEVAARDIGDES NA BUITENGEWONE ALGEMENE SINODE - SINODE VRYSTAAT:

### LERAARS:

1. Ds HM Janse van Rensburg (Helgard)
2. Dr CHJ van Schalkwyk (Carin)
3. Ds JH Els (Jan)
4. Ds JC Louw (Christo)
5. Ds NJ Mostert (Nico)
6. Ds A van Staden (André)
7. Ds JPM Maree (Marius)
8. Ds JJ Louw (Jacques)
9. Ds C Weideman (Christo)
10. Ds S Maritz (Pikkie)
11. Ds P-S Conradie (Pieter)

### KERKRAADSLEDE:

1. Prof SD Snyman (Fanie)
2. Br A van Wyk (Anton)
3. Sr EA Hendriks (Elsabé)
4. Br PJB Coetzer (Piet)
5. Br M de Jager (Manie)
6. Br JP Matthews (John)
7. Br DS Bothma (Des)
8. Br SJ Terreblanche (Lomon)
9. Br R Meyer (Rudolf)
10. Br J Loots (Jan)

## [TERUG NA INHOUD](#)

### BYBEL-MEDIA NUUSBRIEF 23/2016:

#### Lees in die Kerkbode van 4 November:



Die verhaal van ds Schalk van Wyk wat uit die bloute 'n versoek gekry het om in Pakistan te gaan help en nou die *Timothy Bible College* daar bedryf.

Daar is ook 'n merkwaardige verhaal uit Graaff-Reinet waar herwinning en hulp aan armes hand aan hand gedoen word.

Lees oor die meer as 40 swart gemeentes wat by die NG Kerk wil inskakel, oor Wes-Transvaal wat nou Goudland is en oor ander sinodebesluite van dié sinode, die Oostelike Sinode en die Noord-Kaap.

Dr Henk Gous stel 'n derde weg voor in die gay debat en uit Europa is daar 'n interessante perspektief op binnegevegte in die Vatikaan.

**Bybel-Media/Cordis Trust-pryse 2017:** Cordis Trust stel Bybel-Media in die besonder gunstige posisie om die Bybel-Media/Cordis Trust-prys vir die vierde keer in 2017 toe te ken. Die pryswenner sal, soos vanjaar, 'n kontantbedrag en oorkonde ontvang. Oorspronklike Afrikaanse Christelike publikasies wat in 2015/16 verskyn het, kom in aanmerking. Die prys word toegeken aan die beste inskrywing/publikasie in die kategorie, **gesin-, jeug- of jonger kinderpublikasies**. Uitgewers en individue wat publikasies wil inskryf, kan dit doen vóór 5 Desember 2016. Kontak Amanda van der Westhuizen by [amanda@bmedia.co.za](mailto:amanda@bmedia.co.za), of skakel 021 864 8231 vir volledige inligting.

#### Twee verdere pryse vir 2017

- Cordis Trust borg 'n prys vir 'n **voortreflike Afrikaanse publikasie** wat by Bybel-Media uitgegee is. Die fokus is hier veral op jong skrywers. Die wenner ontvang ook 'n kontantbedrag en 'n oorkonde.

- 'n Verder toekenning word gemaak vir **Bydraes tot 'n Spesiale projek** met 'n Bybel-Media verbinten. Die wenner ontvang ook 'n kontantbedrag en 'n oorkonde.

### Jongste Bybelkor-publikasies:




#### Dit is amper dag - Jaap Durand

Sonder om die geheimenis regtig te probeer verklaar, skryf Jaap Durand op 'n uiters verhelderende manier oor kernvrae oor geloof, dood en ewige lewe.

Sy "kroongetuie" – soos Durand hom noem – is Paulus. Watter onderwerp kan méér diepsinnig wees as die vraag oor die dood en daarmee saam die vraag na die lewe self én die ewige lewe?

Paulus kon hom misgis het deur te dink dat Jesus weer sou kom terwyl hy nog geleef het. Maar hy het hom nie misgis met die nabyheid van die ewigheid nie. Elke moment strand ons tyd immers aan die oevers van die ewigheid.

Prys: **R115,00** (BTW en posgeld ingesluit). **Reeds beskikbaar.**



#### Creatively mindful - Heleen Meyer en Nico Simpson

*Creatively mindful* is a lifestyle guide with a difference. Each of the 90 hand-drawn pictures accompanies a food thought to ponder on and a practical tip or advice to follow while taking your first steps to living healthily and creatively mindful. Colouring is therapeutic. While enjoying the harmonic pictures, reflect on how you can make healthy living and eating a long-term goal and habit. Focus your mind on something beautiful and creative and be constructive while deciding how to apply the thought or tip for the day in your life.

May you find inspiration and motivation in *Creatively mindful* to positively change your life and habits over a period of 90 days and live healthily ever after.

Price: **R160,00** (VAT and postage included). **Available**



#### Woord en fees - Preekstudies en liturgiese voorstelle gebaseer op die kerklike jaar

*Revised Common Lectionary Jaar A – Advent 2016 tot Koninkrykstyl 2017*

*Woord en fees* is 'n hulpmiddel in die voorbereiding van eredienste en die ontwikkeling van preke. Dit maak gebruik van die fokustekste soos uiteengesit in die erkende teksrooster, die Revised Common Lectionary (RCL).

Die liturgiese voorstelle gee riglyne wat die gebruiker sal help om weeklikse eredienste makliker voor te berei. *Woord en fees* sluit aan by die seisoene van die kerkjaar. Teks word elektronies op **CD** by elke eksemplaar ingesluit.

Prys: **R280,00** (BTW en posgeld ingesluit). **Reeds beskikbaar.**

**BM-katalogi:** In die **afgelope maand** is 'n kleurvolle BM-katalogus en 'n Jeugfokus-katalogus na elke gemeente en leraar gepos. Ons hoop dié *inligtingsgidse* van BM sal 'n besondere hulp wees met die keuse van die regte produkte/publikasies vir jou gemeente. **Skribas:** Gee asseblief van tyd tot tyd iets oor/uit die katalogi in jou gemeente se aankondigingsblad, deur aan lidmate. Baie dankie.

### Inligting, Navrae en Diensverskaffing:

Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210

Of stuur jou bestelling per e-pos na: [bestel@bmedia.co.za](mailto:bestel@bmedia.co.za)

Of koop direk met jou kredietkaart op die webtuiste: [www.bybelmedia.org.za](http://www.bybelmedia.org.za), klik dan op winkel.

### TERUG NA INHOUD

### CHRISTELIKE LEKTUURFONDS:

#### Wêreldwye Kinderdag 20 November 2016



**Lukas 18:16 – Laat die kindertjies na My toe kom en verhinder hulle nie, want aan sulkes behoort die Koninkryk van God**

Kinders het die reg om veilig, geliefd en geborge te voel; hulle het die reg tot opvoeding en die reg dat hulle basiese oorlewingsbehoefte vervul word, maar hulle het ook die reg om te weet en ervaar dat daar 'n Hemelse Vader is wat hulle

baie lief het. Op 20 November word kinderregte wêreldwyd gevier en ons as Christene kan hierby aansluit deur uit te reik na ons land se kinders wat geestelike leiding nodig het.

'n Paar CLF produk-idees om kinders se geestelike behoeftes aan te spreek:

1. Neem as gemeente of Bybelstudiegroep 'n groep kinders aan by 'n sopkombuis, speelskool of kindershuis en skenk aan elkeen 'n eie **Kinderbybel** teen R60 per kopie. Bybels is beskikbaar in Afrikaans, Engels, Xhosa, Sotho, Zoeloe, Tswana en Pedi.
2. Reik uit na 'n gemeente in jou area en bemagtig hulle met die **Vertel, vertel!**-reeks vir geloofsvorming vir ouderdomsgroep 8-16 jaar. Die reeks bestaan uit vyf boeke wat fokus op die kernwaarhede van die Bybel, asook luistervaardighede en oorvertel van stories. Elke boek bevat 30 verhale met gepaardgaande vrae en kan dus vir 'n hele jaar se geloofsgroeillesse voorsiening maak. Teen R70 per kopie, kan vele kinderharte groei in geloof.
3. Bestel gerus van die vele gratis **kinderverwante pamflette** wat onderwerpe soos boelie, gesonde lewenskeuses en – waardes, gebed, ensovoorts aanspreek en deel dit uit by skole en crèches om kinders bewus te maak van regte waardes teenoor al die verkeerd wat hulle elke dag sien en beleef.
4. Ons kan ook ons toekomstgenerasie help om mekaar as kinders van God raak te sien deur die pragtige verhaal van **Die avonture van Maria en Braam** vir hulle te koop. Teen R90 per kopie is dit 'n kosbare Kersgeskenk vir kinders of kleinkinders of selfs vir voorlees by die crèche of speelskool. Die verhaal leer hulle dat God se blou- en bruinoogkinders saam elke dag besig is om aan sy storie vir ons hier op aarde te skryf.

**Jy kan 'n kind se lewe vir altyd verander deur hom/haar aan God bekend te stel.** Vir meer inligting oor genoemde publikasies, besoek ons webwerf by [www.clf.co.za](http://www.clf.co.za), of skakel 021 873 6964, of e-pos [info@clf.co.za](mailto:info@clf.co.za)

## TERUG NA INHOUD

### VAKATURES:

#### LERAAR, VASTETERMYN (3 JAAR KONTRAK) - NG GEMEENTE REDDERSBURG:

**PROFIEL VAN GEMEENTE:** Reddersburg is 'n plattelandse dorp, 60 km suid van Bloemfontein op die N6. Daar is ongeveer 250 belydende- en 80 dooplidmate wat betrokke is in die gemeente. Op die dorp is n goeie laer- en hoërskool, ouetehuis en Kinderhuis. Die gemeente se visie is om ywerige volgelinge van Jesus te wees.

#### **PROFIEL VAN LERAAR:**

- Bedieningsgeleenthede volgens artikel 9 van die kerkorde.
- Plattelandse ervaring met n passie vir huisbesoek en pastoraat.
- Skrifgetroue en aktuele woordverkondiging met entoesiasme.
- Spanbouer wat gemaklik klein en groot groepe lei tot opbou van die gemeente.
- Entoesiasme vir barmhartigheidswerk onder randfigure in die gemeenskap.
- As verhoudingsbouer betrokke by skool, kindershuis en ouetehuis.
- Saam met huisgesin betrokke binne en buite die gemeente.
- Besik oor eie vervoer wat ook op plaaspaaie gebruik kan word.

**VERGOEDINGSPAKKET:** Onderhandelbaar.

**HUISVESTING:** Pastorie met munispale dienste en landlyntelefoon.

**AANSOEKE:** Leraars wat in hierdie vakature belangstel, word genooi om die kerkkantoor te skakel vir verdere besonderhede omtrent 'n CV en vraelys. Belangstellendes mag genader word vir n onderhoud en preekbeurt.

**Navrae:** Me Isabel du Plessis (083 382 6768), ds Willie van Zyl (083 306 8448)

**SLUITINGSDATUM VIR AANSOEKE : 15 NOVEMBER 2016**

*Die kerkraad behou die reg om nie 'n aanstelling vanuit die aansoeke te maak nie.*

## TERUG NA INHOUD

#### LERAAR (TERMYNBEPAALE 3JR KONTRAKPOS), NG FORT BEAUFORT:

Fort Beaufort is geleë in die Katriviervallei van die Amatoladistrik in die Oos Kaap, 215 km van Port Elizabeth en 140 km van Oos Londen. Die gebied is bekend vir sy sitrus- en avokadoproduksie, terwyl enkele lidmate van die gemeente veeboere is. Vanweë die eiesoortige omstandighede van dié gemeente, is die gemeente die afgelope jaar deur 'n brugleraar bedien. Die gemeente bestaan uit 200 belydende en 30 dooplidmate en het 'n missionale visie vir die omgewing. Belangrike vennote in die gemeenskap is:

- Die Winterberg Hoër Landbouskool en die Fort Beaufort Laerskool (ou model C-skole), Wings Aviation School, talle privaat skole en Fort Hare Universiteit op Alice.
- Fort Beaufort-Hospitaal en die Tower-Hospitaal vir psigiatriese pasiënte.
- Twee Landboukoöperasies, Verkeersdepartement, SAPD, Gevangenis, Huis Thatcher (Tehuis vir bejaardes) en Kinderwelsyn.
- Die gemeenskappe van Hogsback en Alice (beide in die onmiddellike omgewing).
- NG Gemeente Adelaide en St John's United Church.

**Voltydse termynbepaalde leraarspos:** Die gemeente het 'n vakature vir 'n leraar in 'n driejaar-termynkontrak. Dit is 'n missionale ontwikkelingspos met gedeeltelike sinodale befondsing.

**Leraarsprofiel:**

- Die leraar, 'n gelegitimeerde van die Kerk, volg Jesus Christus entoesiasies, het die Here en sy kerk lief en dien graag.
- Die leraar ontsluit gawes in ander, skep 'n sterk bedieningspan en handhaaf 'n fasiliterende leierskapstyl.
- 'n Entrepreneur wat oor grense kan uitreik en ook die bestaande lidmate bedien.
- Implementeer 'n groeistrategie vir die gemeente, wat insluit: onaktiewe lidmate, geestelike groei, nuwe geloofsgemeenskap oor huidige gemeentegrense, die insluit van jongmense en skoolkinders en die bediening aan seniors.
- Vorm netwerke om die gemeente te laat groei.
- Artikel 9 van die Kerkorde (2013) vorm die basis waarop die pligte beskryf word.
- Vaardigheid in Engels (en dalk selfs Xhosa) sal 'n aanbeveling wees.

**Vergoeding:** Die TKVI, wat na gelang van die leraar se behoeftes gestruktureer kan word, beloop R280,000 per jaar.

**Aansoeke:** Aansoeke geskied op die voorgeskrewe aansoekvorm (aanlyn beskikbaar), vergesel van 'n CV (maksimum 4 x A4 bladsye). Die kontakbesonderhede van twee referente moet verskaf word. Die aansoekvorm is beskikbaar by [www.ngkok.co.za/gemeentes/fb/fb.doc](http://www.ngkok.co.za/gemeentes/fb/fb.doc).

- E-pos vir indien van aansoeke: [fb@ngkok.co.za](mailto:fb@ngkok.co.za)
- Aansoekers moet beskikbaar wees vir evaluering.

**Sluitingsdatum:** Vrydag 25 November 2016 om 18:00.

Die suksesvolle kandidaat sal verkieslik so gou as prakties moontlik diens kan aanvaar.

**Navrae:**

Brugleraar: Ds Niko du Toit, sel 082 927 0671, [nikodutoit@gmail.com](mailto:nikodutoit@gmail.com)

Fasiliteerder: Ds Danie Mouton, sel 082 9234 178, [danie@ngkok.co.za](mailto:danie@ngkok.co.za)

**Die kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit een van die aansoekers te maak nie.**

**TERUG NA INHOUD**



*Lig in die duisternis, hier vir God, mekaar en die wêreld*